Maandbrief

Januarie 2009

Gemeente kontakbesonderhede:
Pastoor Leon van Rensburg
☎ 021 981 2953 / 021 981 0844 📱 072 782 7508
🖷 021 981 2953 ✉ Posbus 122, Brackenfell, 7561
💻 pastoorleon@telkomsa.net 🌍 www.ags-ligenlewe.com

VAN DIE PASTOOR

Liewe gemeente

Vir ons as Christene is daar niks meer gevaarlik as om tevrede te wees met waar jy jou tans bevind nie.

Kersfees is so pas verby en voor ons lê daar 'n 2009 met 365 dae. Vir party is hierdie 'n opwindende vooruitsig, terwyl ander met vrees gevul word, maar hoe ook al jou gevoel is, onthou Jesus se koms was sodat ons lewens vir altyd verander kan word. Die dag toe Hy gebore was het Hy onder ons gewoon, maar na Sy hemelvaart woon Hy deur Sy Gees nou in ons. Ons is Sy tempel.

Met hierdie gedagte kan ons die toekoms met vertroue ingaan, want God sal ons lei net soos in die verlede en elkeen met moed en krag toerus om elke toets wat oor ons pad kom te kan hanteer. As jy net 'n bietjie stil kan word en terug kyk na 2008 sal jy tog raaksien dat God met jou was, ten spyte van teleurstellings en omstandighede.

Die jaar 2009 sal dus 'n nuwe uitdaging wees, maar God sal saam met my wees. Sterkte vir die nuwe jaar.

Jesus groete
Past. Leon

Why go to church?

A Church goer wrote a letter to the editor of a newspaper and complained that it made no sense to go to church every Sunday. "I've gone for 30 years now," he wrote, "and in that time I have heard something like 3 000 sermons. But for the life of me, I can't remember a single one of them. So I think I'm wasting my time and the pastors are wasting theirs by giving sermons at all." This started a real controversy in the "Letters to the Editor" column, much to the delight of the editor.

It went on for weeks until someone wrote this clincher: "I've been married for 30 years now. In that time my wife has cooked some 32 000 meals. But, for the life of me, I cannot recall the entire menu for a single one of those meals. But I do know this… They all nourished me and gave me the strength I needed to do my work. If my wife had not given me these meals, I would be physically dead today. Likewise, if I had not gone to church for nourishment, I would be spiritually dead today!" Faith sees the invisible, believes the incredible and receives the impossible. Thank God for our physical and our spiritual nourishment!

Dagboek:

Januarie 2009

Sondag, 4 Januarie	Nagmaal
Sondag, 25 Januarie	Kinderkerk open
Woensdag, 28 Januarie	Selle open
Vrydag, 30 Januarie	Tieners open

God se koffie

'n Groep oud studente, waarvan die meeste die hooste sport in hul beroep bereik het, het op 'n dag 'n besoek gereël by hul gunsteling oud professor van die universiteit waar hulle almal gestudeer het.

Die geselskap het vinnig ontaard in 'n kla-sessie oor die spanning wat hulle in hul werk en lewens ervaar. Nadat die professor sy gaste koffie aangebied het, is hy kombuis toe en keer terug met 'n groot ketel koffie en 'n verskeidenheid koppies. Die koppies het gewissel van porselein, glas, kristal, sommige wat baie goedkoop gelyk het, ander wat baie duur gelyk het en sommige wat besonders mooi was.

Hy het sy gaste genooi om hulself te help met die koffie. Toe al die oud studente 'n koppie koffie in die hand het, het die ou professor begin praat: "As julle sal oplet sal julle sien dat al die mooi, duur koppies gebruik is en dat dit die gewone goedkoop koppies is wat op die skinkbord oorgebly het.
Alhoewel ek verstaan dat dit vir manne van julle status normal is om slegs die beste vir julself te wil hê, is dit ook die bron van julle probleme en julle spanning. Wat julle moet besef is dat die koppie opsigself geen kwaliteit tot die koffie toevoeg nie. In die meeste gevalle is dit bloot net 'n kwessie van 'n duurder koppie wat boonop nog die inhoud van dit wat ons drink verberg. Wat julle almal regtig wou gehad het was koffie, nie die koppie nie, maar bewustelik het julle almal die beste koppies uitgekies. Toe begin julle verder mekaar se koppies te beloer om te sien wie die beste koppie gekry het.

Dink so bietjie na oor die volgende:

Die lewe is die koffie; die werk, geld en aansien in die gemeenskap is die koppies-
Bloot die gereedskapstukke wat die lewe insluit en omvou. Die koppie wat ons het bepaal nie of verander nie die kwaliteit van die koffie, van die lewe wat ons leef nie.

Soms gebeur dit egter dat ons so konsentreer op die koppie dat ons vergeet om die koffie te geniet wat God aan ons voorsien het."

God berei vir ons die koffie voor. So geniet jou koffie!

"Die gelukkigste mense het nie die beste van alles nie.
Hulle maak slegs die beste van dit wat hulle het!"